



Durbanville
gemeente

Siq

dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

ADVENT 2014

'n Sober Kersfees

Ds. Rian Verster

Dit word weer Kersfees! Ons vier dit in die middel van ons somervakansie in 'n vakansiegees. Ons bedoel dit nie regtig so nie, maar die fees word gefokus op ons familie en vriende, op ons genot en saamwees. Tog is die betekenis van Jesus se geboorte soveel dieper, dit behoort ons rustig en stil te laat word sodat ons kan nadink oor die volle betekenis daarvan dat Jesus na ons toe gekom het!

Hy is oor eeue verwag, en tog toe Hy kom, het die wêreld Hom nie herken nie. Hy is die Here, maar word gebore in 'n stal. Hy word aan mense gelyk en Hy kom dien ons, en tog is Hy God. Hy het gekom om die sonde van die wêreld weg te neem en ons te verlos, en tog begin sy lyding al met sy geboorte, sê die Heidelbergse Kategismus. Dit behoort ons verstaan van Kersfees en ons uitbundige kerspartytjies om te keer tot groter soberheid!

Jesus kom as koning en bring sy koninkryk in ons wêreld en lewens in. Hy daag die magte uit wat sy werk, liefde en genade teëstaan, ook in ons eie lewens. Hy trek ons in as dissipels in sy diens om saam te werk dat sy liefde ons stukkende wêreld kan heelmaak. Kan ons nog verwag en positief daarop hoop dat Jesus iets aan die onreg, uitbuiting, korrupsie en geweld van ons tyd, asook ons eie liefdeloosheid sal doen?

Die Ou Testament, en veral die profeet Jesaja, is duidelik daarvoor dat die Messias wat verwag word 'n verskil sal maak. Mense se lewens sal herstel word, so ook die land, die puinhope wat oorgebly het na die verwoesting van Palestina. Die aarde sal weer vrugbaar word en mense sal weer veilig en rustig kan woon. Sosiale onreg word omgekeer sodat daar weer ekonomiese groei en voorspoed sal

wees. Die lang geskiedenis van oorlog en geweld tussen Israel en die nasies word omgekeer omdat die Messias vrede bring.

En as Jesus dan in Palestina gebore word, wat op daardie stadium onder Romeinse bewind en onderdrukking was, en baie mense al hoop opgegee het op verandering, kom Jesus en ontferm Hy Hom oor armes, siekes, uitgebuites, onderdrukte, moedeloses en uitgebrandes ... tollenaars en sondaars!

Die wonder van Jesus se koms is dat God ingryp en hier sy werk doen. Dit is God wat die profetiese voorspellings, die drome en verwagtings waar maak. Hy bring die verlossing, Hy tree op, Hy werk deur sy Gees. Dit is Hy wat die hoop in ons wakker hou dat alles herstel sal word.

Ons wil graag glo in ons eie vermoëns om 'n verskil te maak en dit is so dat God ons ook gawes gee en ons toerus met sy Woord en Gees om saam te werk vir 'n nuwe wêreld. Maar ons neem God op sy Woord dat Hy getrou sal bly aan die beloftes wat Hy vir ons gemaak het. Die wonder van Jesus, van Kersfees, is dat God nou hier by ons is.

Dit is reg dat Kersfees vir ons 'n blye tyd sal wees met feestelike vreugde en viering. Maar dan nie blydschap wat net gefokus is op onself en ons genietinge nie, maar op Jesus wat besig is om ons en ons verrinneweerde wêreld nuut te maak. Daarom behoort ons vóór Jesus te kies – teen die gedurige versoekings en verleidings van die gees van ons tyd! – en dit te vier dat Hy ons help. Geseënde Kersfees!



Uit die Woord – *Mensgeworde Woord*

Ds. André van Wyk

Kersfees is 'n wonderlike dag, veral vir gelowiges. Ons Verlosser het aarde toe gekom, Hy het mens geword. Deur die jaar lê ons baie klem op Jesus se sterwe en opstanding, maar dis ook belangrik om te verstaan dat hierdie gebeure direk verband hou met sy menswording. "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon ..." (Johannes 1:14).

Interessant dat Johannes vir ons sê dat toe Jesus in die wêreld gekom het, die wêreld Hom nie erken het nie. Terwyl Hy na sy eiendom toe gekom het, het hulle Hom nie aangeneem nie (Joh. 1:10-11). Dit herinner 'n mens nogal aan die swanger Maria en Josef se gesukkel om 'n plekkie te vind waar hulle kon tuisgaan in die donkerte van 'n afgeleë dorpie. Maar dan word die Jesuskind in 'n stal gebore en bring die lig van 'n ster die skaapwagters (uitgestotenes) en besoekers (vreemdelinge) vanuit die ooste om "sy heerlijkheid te sien".

Verder verbind Johannes op 'n betekenisvolle manier waarheid en genade aan mekaar. Die waarheid van wat God van ons verwag, 'n gehoorsame lewe in die lig van sy Seun, waarvan Johannes die Doper getuig, is vol genade. Die Jesuskind het nie gekom om te oordeel nie, maar om te red; nie om reëls op te stel nie, maar om lief te hê; nie om mense in groepe te verdeel en te onderskei nie, maar om bymekaar te maak en te verenig. Kortom, die Woord het mens geword en onder ons kom woon.

Op hierdie Kersdag herdenk ons nie net die feit dat die Woord mens geword het nie, maar saam met Johannes jubel ons dit ook uit: "Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid" (Joh. 1:14). Wie dít ontdek, vier fees, Kersfees, die fees van die Lig, die fees van die Woord wat mens geword het.

NUWE PRYSE

Vir advertensies in Die Sig

Slegs R200 vir 'n advertensie wat so groot is soos 'n besigheidskaartjie.

Kontak Ontvangs by 021 975 6370 of ontvangs@durbanvillegemeente.co.za

Redaksie

Redakteur van SIG: Tinus van Zyl
(tinusz@durbanvillegemeente.co.za)

Bedieningsleier - Kommunikasie: Andrew Kok
(Andrew.Kok@westerncape.gov.za)

Kommunikasie beampte: Cindy van der Merwe
(ontvangs@durbanvillegemeente.co.za)

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, kontak ons asseblief.

Uit die wêreld – *Her*

Dr. Finus van Zyl

Her is uitstekende futuristiese drama. Dit speel nie af in die verre toekoms nie, maar in die toekoms wat sommer net om die draai is. Die flik maak 'n baie geloofwaardige voorspelling van die volgende groot ontwikkeling in tegnologie – kunsmatige intelligensie – en die moontlike impak wat dit op ons lewens kan maak.

Theodore (vertolk deur die briljante Joaquin Phoenix) is 'n eensame skrywer. Sy werk is om pragtige en persoonlike briewe namens mense aan hulle geliefdes te skryf – 'n groot industrie in die toekoms. Hy is midde in 'n pynvolle egskeiding en vind sy ontvlugting in sy briewe, sy rekenaarspeletjies en 'n handjievul vriende.

Maar dan kom daar iets oor Theodore se pad wat sy lewe ingrypend verander: OS1, die eerste "operating system" wat kunsmatige intelligensie het. Hierdie is nie net 'n slim rekenaarsstelsel nie – hierdie is 'n bewussyn wat leer en groei en persoonlikheid ontwikkel.

Kort voor lank is Samantha (die naam van sy OS) soos 'n sielsgenoot vir Theodore. Hulle gesels tot laat in die nag, luister saam na musiek en beleef dinge saam. Theodore kan homself nie help nie, hy raak dolverlief op haar. En Samantha, wat besig is om te leer oor menslike emosies en dit te reflekteer, raak ook lief vir hom.

Maar sal Samantha ooit Theodore se wêreld verstaan,

sonder 'n liggaam waarmee sy fisies en tasbaar in sy wêreld kan leef? En sal Theodore ooit haar wêreld verstaan, 'n wêreld waarin daar geen liggaamlike en materiële grense is, soos die feit dat jy net op een plek op 'n slag kan wees, dat jy elke nag moet slaap, dat jy oud word, siek word en uiteindelik ook moet sterf nie?

God is 'n bewussyn wat nie gebonde is deur die liggaamlike en materiële grense van ons wêreld nie. En tog, elke Kersfees vier ons die feit dat God nie net in daardie grenslose werklikheid gebly het nie, maar ons liggaamlike, materiële wêreld betree het en 'n mens soos ons geword het. 'n Vlees en bloed, brose babatjie in 'n krip. Immanuel – God met ons.



Uit die kerk – Om jou hart vir jou kerk te gee

Ds. Elmarie Wiesner

As kind was kerk vir my vervelig, ja, en ek was soms opstandig oor die rompslomp van godsdien. Maar ek moet erken dat daar in die kerk van my kinderjare 'n sagtheid was, 'n fluistering van die Gees wat my laat veilig voel het. Seker ook te danke aan die goeie ds. Raubenheimer.

In my tienerjare was ek kwaad vir die kerk. Toe ek op ses-tien polities 'n bewustheid kry, was ek geskok toe ek in die NG Kerk se geskiedenis die bydrae tot die instandhouding van apartheid moes vind.

In my vroeë twintigs, met die ligte las van roeping op my skouers, soek ek dus naarstiglik na 'n geskikte pad deur die teologie-woude. Ek hop rond, besoek talle kerke. Ek kies op die ou end, met baie gebed, maar ook baie kop-werk, 'n kerk waarvan ek met die teologie kan saamleef. Ironies dat een van die min kerke wat my roeping tot vrou in die amp in 'n mate ernstig opneem, juis die een was wat my in die verlede so teleurgestel het, die einste NG Kerk.

Daar het ek besef: Ek moet die verandering wat ek so graag wil sien, wéés. Op die ou end is 'n instansie of organisasie net 'n versameling individue. Ek kan nie kla oor ander mense se foute en swakhede as ek nie in hul skoene geloop het nie. Ek kan maar net doen wat binne my ruimte is om te doen, volgens my oortuigings. Soos die goeie ds. Raubenheimer gedoen het.

Ek verstaan dat sommige van my generasie die NG Kerk verlaat het. Ons moes heelwat paradigmaskuiwe in klein tydgleuwe hanteer. Om die NG Kerk te vergewe en weer te vertrou, was nie boaan baie mense se prioriteitslys nie. Selfs vir ons wat oorgebly het, bly daar 'n wantroue in enigiets wat lyk of dit ou magstrukture wil ondersteun.

'n Week of wat gelede sit ek toe as toehoorder by die Terugblik op die Waarheid-en-versoeningskommissie se Geloofsgemeenskappe-verhoor in 1997, met die Arch (oud-aartsbiskop Desmond Tutu) self as voorsitter. Ek is op my senuwees toe die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van ons kerk hul spreekbeurt neem. Wat sou ons nou kon sê oor versoening en nasiebou vanuit geloofsgemeenskaps-perspektief? En dit ná ander kerke se getuienisse vanuit onbesmette verledes, terwyl ons nog so stoei met eenheid in ons eie kerkfamilie.

Oor die inhoud van wat gesê is, kan jy gerus meer gaan

Jean en Igna van Rooyen stem oor artikel een, met Christa Furgeson wat assisteer.



lees (Die Kerkbode Aanlyn 16 Oktober): Prof. Nelus Niemandt (moderator) verwoord hoe die WVK 'n draaipunt in die NG Kerk se geskiedenis was: Dit het gehelp dat waarheid nuwe vryheid bring. In 1998 verwerp die Algemene Sinode apartheid in sy wese, en begin die NG Kerk se pad na ekumeniese herstel. Dit was, en is steeds, 'n pynlike pad wat diepe selfondersoek en prysgawe verg. Maar daar is hoop.



Ds. Wiesner is leraar in Bloubergstrand

Met 'n terugblik kan 'n mens in die werk van die Algemene Sinode sien hoe God met ons besig is. Natuurlik kon dinge op verskeie wyses uitgespeel het, en ons sou steeds God se hand kon sien. Waarop ek nou terugkyk, is vir my goed: Die roepingsverklaring van 2002, met die klem op genesing; die verbintenis tot diensbaarheid in 2007; die seisoen van menswaardigheid wat in 2013 afgeskop het.

'n Mens sou al hierdie dinge as dooie dokumente kon beskou, as jy die individue daaragter wil miskyk. Maar as gewone dominee in 'n gewone gemeente wil ek sê: Ek beleef hierdie dinge tussen my mense. Die Here het ons nooit gelos nie, en is steeds baie besig met ons.

Meer as wat die ASK gesê het, was ek diep geraak deur die wyse waarop hulle dit gesê het. Hul manier het getuig van nederigheid en diensbaarheid sonder om verleë te wees oor wie hulle is. Ek was so trots.

My pleidooi: Gee jou hart vir jou kerk. Maak nie saak watter kerk dit is nie. Bid vir jou kerk en haar leiers. As jy deel is van die NG Kerk, gaan stem tog in hemelsnaam wanneer jou gemeente jou kans gee om te stem oor Artikel 1 van die Kerkorde. Maak nie saak wat jy stem nie, jy het 'n kans om deel te neem. As jy buite die kerk staan – dis jou keuse. Maar ek weet God gaan nog baie doen in en met en deur die kerk. Moenie dit mis nie.



De Port'uurgroep *bou liefdesbande*

Marié Conradie

Op 'n pragtige, sonnige Dinsdag, 21 Oktober 2014, het 'n groep lede van De Port'uurgroep die Kaapse somer begroet deur die Kirstenbosch-pragtuin aan die voet van Tafelberg te besoek. Wat 'n voorreg om in die wêreld-bekende botaniese erfstuk in ons midde, oor die nuwe slangbrug te stap, die tuine van bo af te bewonder en op so 'n hoogtepunt ons formele program vir die jaar te kon afsluit. Marie Kriek was daar om die dag vir ons met haar kameralens vas te vang.

Die afgelope jaar het verskeie interessante sprekers ons kom besoek. Tydens die eerste kwartaal kon ons o.l.v. Riekert Botha ons persoonlike verhoudingslewe krities en ondersoekend in oënskou neem. Daarna kon ons in April die boodskap van Hooglied, soos uitgebeeld in die vyf skilderye van Chagall, deur die oë van dr Danie du Toit leer ken. Wat 'n besondere leersame ervaring! Dr Neil van der Hoven was ons gasspreker op 6 Augustus waartydens hy met besondere deernis vir ons die mediese en fisiologiese aspekte rondom Christus se kruisdood verduidelik het.

DANKBAARHEIDSOFFER – *Om bly te wees in die Here*

Stephan Pretorius

Ons gemeente het gedurende die jaar op vele terreine met koninkrykswerk 'n betekenisvolle bydrae gemaak. Deur verskeie bedieninge, soos die Omgeediens, Fisantekraal-betrokkenheid en diens van barmhartigheidsaktiwiteite, verleen ons uitdrukking aan ons visie.

Met ons Sinodale bydrae maak ons verder ook 'n bydrae tot die NG Kerk in die Wes-Kaap se barmhartigheidsdienste. Dit sluit die werksaamhede van Badisa in, die NG Kerk in Wes-Kaap se barmhartigheidsdienssentrum. Dit was verblydend gewees om kennis te neem dat die regering gedurende 2014 aan Badisa erkenning gegee het as 'n uitnemende nie-regeringsorganisasie. Dit is met dankbaarheid dat 'n mens besef dat ons gemeente ook op so 'n wyse 'n bydrae maak om as 'n geloofwaardige getuie van Jesus Christus, 'n verskil in Suid-Afrika te maak.

Die mikpunt van vanjaar se Dankbaarheidsoffer beloop R 1 275 000. Vir die 7 maande tot 30 September 2014, het ons totale bydraes egter met net 3% teenoor die vorige jaar se bydraes gegroei. Dit is ver onder die 7% groei

Gedurende Oktober het dr Francois Wessels aan ons die versekering gebring dat, alhoewel die Jode steeds die uitverkore volk van God is, ons ook soortgelyk met ons doop in sy verbond ingesluit is en dat Hy nooit sy verbond met ons en hulle sal verbreek nie.

Om te behoort aan die koninkryk van Christus en mekaar as Christene onderling in die geloof te versterk, was vir die lede van De Port'uurgroep die afgelope jaar louter plesier. Die bande is weereens versterk deur die gesellige saamwerk aan ons groep se verskeie doelwitte en hegte vriendskappe is onderling gesmee. Ons uitnodiging aan nuwe lidmate staan steeds om te kom meedoen aan al die programme, sodat ons volgende jaar nog verder kan bou aan sy nuwe koninkryk in ons wêreld.

Mag die komende Kersgety vir almal 'n besondere ervaring inhou en ons oë geopen bly vir almal tussen ons wat in hierdie tyd eensaam en behoeftig is, sodat ons nie tydens die vakansie ons roeping vir omgee vergeet nie.

waarvoor begroot is. Dit is dus duidelik dat die Dankbaarheidsoffer 'n sleutelrol speel in die bereiking van ons gemeente se inkomste-doelwitte.

Ons is bewus van die huidige moeilike ekonomiese klimaat. Die verwagte ekonomiese groei koers vir ons land is verskeie kere gedurende die jaar afwaarts aangepas en dit lyk of ons gelukkig sal wees indien die groei koers 1% oorskry. Die groot toename in skoolgelde asook pensioene wat nie tred hou met verhoogde lewenskoste nie, is enkele voorbeelde van faktore wat 'n effek het op ons gemeente se bydraes.

Tog bly dit steeds 'n groot voorreg om deel te wees van God se koninkrykswerk en om in ons lewenswandel altyd bly te wees in die Here. Ek wil u dus uitnooi om met u Dankbaarheidsoffer voort te gaan om uiting hieraan te gee. Die Here sien elke offer raak, maak nie saak hoe klein dit is nie. Nog meer, die Here sien die dankbaarheid in ons harte.

Verhale van hoop uit die Omgeediens

Helma Gerritsen

Durbanville Gemeente se barmhartigheidsdiens is die Omgeediens. Ons is in diens van Jesus wat liefhet en omgee. So verwoord ds Rian ons Omgeediens se sorg, samesyn en hulpverleningsprogram al vir 14 jaar.

Met hierdie roeping is ons bevoorreg om daar te wees vir mense met baie seer, lyding en verslaenheid. Wat platgeslaan is deur die lewe se tsunamis, met Jesus as ons Stuurman, Redder en Verlosser vir liggaam, siel en gees. Onlangs ontvang ons 'n sms wat lui: "So dankbaar vir die omgeediens as 'n veilige hawe." 'n Alleen en eensame persoon verwerk tans die verliese van 'n geliefde, werk, huis, asook troeteldier.

Vir iemand anders is die Omgeediens: " 'n Geheime diens wat stillietjies my na 'n reabilitasiesentrum gestuur het om my te help om van my alkoholisme ontslae te raak. Hierdie troos van wyn en bier het my gelawe na my eggenoot se dood, maar het my ook totaal vernietig. My



kinders het my ook hierdeur afgeskryf. Gelukkig is ek na vyf jaar nog altyd droog en het die Here my weer 'n nuwe lewensmaat gestuur."

Die Omgeediens word beskryf as: "My hospitaal. Hier kan ek herstel, rus by die Here vind en omgeeliefde beleef. Het moedeloos gedink selfdood is die enigste uitweg. Was vasgevang in 'n nare huweliksmishandeling asook onmenslike uitbuiting. Het alles verloor: kinders is afge-rokkel deur negatiewe beïnvloeding. Met net 'n paar stukkies uitgewasde klere oor, het ek my na die omgeediens begewe. Daar is ek versterk, het 'n Bybel gekry, is geklee en is gevoed. Ook verblyf en meubels ontvang, en helaas begin werk. Bykomend het ek mediese, psigiatrisiese behandeling, asook medikasie gekry. 'n Nuwe hoopvolle lewensreis is aangepak. Begelei deur 'n spesialisprokureur is 'n egskeiding na drie jaar verkry. Met nuwe vryheid het ek geleidelik die lewensstroom weer kon bemeester. Na 13 jaar is ek weer getroud en my kinders is weer terug in my lewe."

'n Egoïstiese vader wat sy vrou en kinders emosioneel en finansiële verwaarloos het, het skielik sy kind se rentebetaling van sy studielening in sy finale jaar van universiteit gestaak. Hy wou by sy kind intrek, maar die kind het geweier omdat hy hulle verlaat het. Met behulp van die Omgeediens kon die student einde verlede jaar sy graad cum laude ontvang, asook 'n verdere studiebeurs verkry.

Ons dank ons Hemelse Vader vir engele-medemense: saam in diens van God se koninkryk. God is groter as al ons probleme.

Kersprogram 2014

Stephan Ackerman

Ons nooi u graag uit na ons jaarlikse Kersprogram wat hierdie jaar op Sondag 7 Desember om 19h00 in die kerkgebou plaasvind. Dit belooft om weereens 'n luisterryke geleentheid te wees met twee kore wat gaan optree: ons eie kerkkoor asook die koor van die Hoërskool Durbanville o.l.v. Maria Rademan.

Afgesien van die kersliedere wat ons as gemeente gaan saamsing, gaan daar ook weer bekende soliste optree. Ons is bevoorreg om vir Leonard Heydenrych (fluit), Suretha Theron (klarinet), Curvin Engel (trompet), Joan Wilken (sopraan) en Frikkie Swanepoel (tenoor) te kon kry om ekstra kleur aan die aand te verleen. Ook op die program is 'n fluit-ensemble o.l.v. Leonard Heydenrych wat belooft om iets besonder te wees.

Die feeskarakter van die geleentheid word verder treffend belig deur die pragtige blomme-kunswerke deur Nelia van Niekerk, Suzie Groenewald en hulle helpers.

U word aangeraai om vroeg reeds te kom om 'n sitplek te verseker. Leonard en Suretha gaan reeds vanaf 18h30 pragtige fluit- en klarinet-duette speel, waarna ons vanaf

18h50 heerlik gaan saamsing.

Ons sien daarna uit om u almal daar te verwelkom. Toegang is gratis, maar daar sal 'n deurkollekte ten bate van die orrelfonds gehou word.



geSIGGies



Ons wil graag al ons geSIGGies 'n wonderlike & geseënde Kersfees toewens, mag julle 'n wonderlike en veilige vakansie hê! Mag 2015 vir julle almal baie geluk, voorspoed & liefde in hou!!!



Kleur die prentjie van baba Jesus in en dan knip jy die prentjie uit. Sit hom nou vas teen die yskas. Jy het nou jou eie Advent kalender. Elke dag, tot en met die 25^{ste} Desember kleur jy 'n sterretjie in.

Jesaja 9:5-6

Vir ons is 'n Seun gebore,
aan ons is 'n Seun gegee;
Hy sal heers, en Hy sal
genoem word: Wonderbare
Raadsman, Magtige God,
Ewige Vader, Vredevors.
Sy heerskappy sal uitbrei
en Hy sal vir altyd vrede
en voorspoed bring.

Selfies en onsies

Melanie Thirion

Jy het sekerlik al gehoor van 'n selfie. Het jy al ooit een geneem? 'n Selfie is 'n selfportret, 'n foto wat jy van jouself neem met jou selfoonkamera se voorste lens. Volgens navorsing oor die tendens van selfies in ons samelewing (www.ekerk.org) is die woord selfie vir die eerste keer in 2004 op die internet gebruik. Sedertdien het selfie alreeds 57 miljoen keer op sosiale netwerke verskyn en was dit verlede jaar so gewild om 'n selfie op jou sosiale media-profiel te plaas, dat 2013 bekend staan as die jaar van die selfie.

Slimfone maak dit vir almal moontlik om selfies te neem, op enige plek: van President Barack Obama by Nelson Mandela se begrafnis tot Helen Zille in die plakkerskampe en elke verveelde tiener in hul slaapkamer. Elkeen is sy eie fotograaf. Selfs in die begrafnisondernemingsbedryf is daar tans 'n debat oor die etiek van selfies saam met afgestorwenes as laaste herinnering van jou geliefde.

Ons self-fotonemery wys dat ons nie genoeg van onself kan kry nie. Dit ontbloot ons narsisme. Selfs in ons geloof. Solank ek op 'n goeie plek in my verhouding met die Here is, is dinge reg. Solank die Here my gebede verhoor, is ek tevrede. Ek wil graag 'n goeie boodskap uit Sondag se preek kry ...

Op die vooraand van Adventstyd laat dink die selfie my aan Christus se selfloosheid. Hy het nie vasgeklou aan sy Godheid nie, maar mens geword ter wille van die mensdom (Filippense 2). Sy selfloosheid roep ons om ook selfloos te



Melanie is jeugwerker by Kenridge gemeente

lewe. Sy talle naasteliefde-woorde en ook Paulus se oproep aan geloofsgemeenskappe om mekaar te omarm en versorg, konfronteer my selfie-geloof.

Ons is na die beeld van Christus geskep. Ons is oorspronklik geskep om onself vir mekaar te gee. Die tendens van die selfie is nie net selfbehep nie. Dit wys ook dat ons die behoefte het om onself met ander te deel. Daarom die 57 miljoen selfies op die internet!

Wanneer ek selfloos lewe, word my selfie 'n onsie. Dit is 'n leefwyse waar ander mense die kern van my doen en late is, omdat Christus se lewe en sterwe deur ons as gelowiges gestalte kry.

Kersfees 2014 vra onsies: om my familie selfloos lief te hê, om my kerkfamilie selfloos te dien met my gawes, om my medemens in die gemeenskap selfloos lief te hê met onvoorwaardelike genade, om God te aanbid vir wie Hy is, nie vir wat ek van Hom kan kry nie. Die koninkryk van die Here kry vorm wanneer daar meer onsies is as selfies.

Kersfees in alleenheid en verlies

Corlia de Kock

John Wilkinson, 'n senior burger, het gesê: "By elke mens is daar 'n prentjie in jou gedagtes wanneer jy aan Kersfees dink. Die meeste van ons sien blink versierde kersbome en die opgewonde gesiggies van kinders wat wag op geskenke. Of ons onthou 'n Kersdiens wat ons bygewoon het.

Maar daar is ook die ander kant van Kersfees. Wanneer 'n mens alleen die Kerstyd tegemoet gaan, sak 'n eensaamheid oor jou. Vir hoeveel van ons senior burgers is dit 'n tyd wat ons net wil verby kry. Om gelukkige gesinne saam te sien, laat mens terugdink aan die dae wat jy saam met geliefdes die feestyd gedeel het."

As 'n bekende of geliefde afwesig is van die feesvieringe hierdie jaar, veroorsaak deur dood, egskeiding of ver afstande, is die einste feesvieringe meer as wat ons kan of wil hanteer. Claire Colvin sê: "Almal vertel net hoe wonderlik die Kerstyd is, maar wat hulle vergeet om by te sê, is wat jy daaraan kan doen as dit nie so is nie!"

Luister na die eenvoud van 'n kinderversoek: "Sal jy saam met my stap? Sal jy my hand vashou?" Of dit nou in die gang af is, of om buite na 'n blom te gaan kyk, of na 'n maatjie toe te stap, ons kinders wil hulle hande in ons s'n hê.

So kan ons ook vir die Here vra: "Sal u my hand vashou

en saam met my stap?" Hy sal, want Hy is ons Vader en hou al lankal sy hand uit na ons toe. Hy is altyd by ons, al is ons alleen. Dawid het daarvoor getuig: "Die HERE is na aan hulle wat gebroke harte het; wie se gees verpletter is, verlos Hy" (Ps 34:19, Direkte Vertaling).

Kersfees is Kersfees omdat Jesus gebore is. Hy het sy koninkryk na ons gebring en met sy kruisiging ons verlos van ons sonde sodat ons die ewige lewe kan hê.

John Wilkinson sê verder: "Al is ek alleen hierdie Kersfees en is daar 'n verlange in my hart, weet ek dat ek tot in alle ewigheid nooit alleen sal wees nie. Ek kyk nou met 'n ander bril na Kersfees, want Jesus se geboorte het vir my ewige hoop gegee."

Janine Roos, van MHIC (Mental Health Information Centre), sê stres, angste en depressie kan gedurende die feestyd vererger en stel voor dat ons uitreik na positiewe mense met begrip. Vermy situasies wat negatiewe gevoelens kan ontketen. U kan haar kontak in hierdie feestyd by 021 938 9229.



'n Terugblik op 2014

Cindy van der Merwe

Met 2014 wat somer vinnig verbygeflits het, dink ek ons sal saamstem dat dit 'n besige, gesellige en baie geseënde jaar was.

Een van die groot gebeurtenisse elke jaar is ons gemeente-ete en hierdie jaar was geen uitsondering nie. Die ete het die vorm van fliëks aangeneem, met die tema *Babette's Feast*, en dit het 5 sterre gekry!

Dames van regoor die wêreld het die Wêreldbiddag vir Vroue bygewoon op 7 Maart, waar Durbanville Gemeente hierdie jaar as gasvrou opgetree het.

Die gesinskamp was 'n nuwe toevoeging tot ons jaarprogram. Dit was 'n reuse sukses, met 37 gesinne wat heerlik saamgekamp het, en dit sal beslis in 2015 weer gebeur.

Met die besonderse kruisstap het ons die Groot Lydensweek betree en ons voorberei op die hoogtepunt van die kerklike jaar: Paasfees. En wie sal dan nou ook die boodskap, heerlike sjokoladekoek en paaseiers van die Opstandingsfees kan vergeet?

Ons gemeente het hande gevat met ander kerke in Durbanville en 'n nuwe droom is gebore, genaamd D4J: Durbanville vir Jesus / *Durbanville for Jesus*. Gedurende Mei en Pinkster het almal saamgekom vir eredienste, saambid, as ook uitreike en het ons ook almal die sopande as "bure" baie geniet.

En dan was daar nog die Vroue-aande, Dade van liefde, Koorfees, De Port'uurgroep en veel, veel meer, om nie eers



te praat van ons weeklikse eredienste en kategeese, asook al ons uitreikaksies nie.

Baie dankie aan ieder en elk wat hierdie geleentheid moontlik gemaak het, al was dit met 'n pot sop, bywoning of somer net 'n vriendelike glimlag. Weet asseblief dat jy waardeur word.

Kersfeesgroete

Jackie Pretorius

Hierdie is darem 'n wonderlike tyd van die jaar! Somer, vakansie en Kersfees. Kan 'n mens vir meer vra as dit? Sou dit moontlik wees dat ons Kersfees 2014 kan vier met Jesus Christus, die Kind wat in Betlehem gebore is, in die middelpunt van ons vakansie en Kersfeesvieringe? Ons mag mos 'n poging aanwend om Kersfees weer die betekenis te gee wat dit verdien.

Met Jesus se geboorte kom sterrekykers uit die Ooste om hulde aan Hom te bring, engele-kore sing in vreugde en slegs eenvoudige skaapwagters is daar as getuies. En tog leef hierdie Mens se nalatenskap – *legacy* – steeds voort en verander dit steeds die lewens van baie mense, want vir Hom was die dood nie die einde nie – net 'n nuwe begin.

Mag die lig van die Christuskind hierdie Kersfees jou lewe so verlig:

- ◆ dat jy God se glimlag oor jou lewe sal raaksien
- ◆ dat jy die liefdesarms van jou Verlosser om jou sal voel
- ◆ dat Christus alles vir jou sal wees
- ◆ dat Christus se lig deur jou, ook vir ander lig sal bring
- ◆ dat jy saam met mede-gelowiges sal uitsien na 'n skitterende 2015, waar Christus reeds vir ons wag om ons te sien!

Ons wil dankie sê aan elke lidmaat van Durbanville Gemeente wat op welke manier ookal deur die jaar uitgereik het na iemand – al was dit deur middel van 'n projek, individueel of 'n kleingroep. Dankie dat jy op hierdie wyse Jesus se liefde getoon het.

Mag jy en jou geliefdes in hierdie feestyd ontdek hoe hierdie Lig nuut in julle lewens skyn om vir julle nuwe lewe te bring.

Geseënde Kersfees!

Durbanville Gemeente se leraars, personeel en kerkraad wens jou 'n geseënde Kersfees toe, en mag die Heilige Gees jou elke oomblik bewus maak van die teenwoordigheid en heerskappy van Jesus.
Jesus is Here. Jesus is hier. Rus in Hom.